# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* DR. MARIETJIE NELSON

Vol. XVI | DECEMBER 2022 | No. 06


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

Lukas 1:26-33

26. In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea.
27. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria.
28. Toe die engel by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou."
29. Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken.
30. Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou.
31. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam JESUS gee.
32. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee,
33. en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie."



# SEëNINGE VAN KERSFEES!

*Pastoor. K. R. Rajasekaran*

Die grootste deel van die wêreld het die eerste Kersfees gemis. Hulle was totaal onbewus daarvan. Hulle het nie geweet dat dit gebeur het nie, hulle was heeltemal in onkunde daaroor. Hulle het ook nie die belangrikheid daarvan geken nie. Baie min mense was vertroud met die eerste Kersfees. Nou 2,000 jaar later, weet die hele wêreld wat Kersfees is. Biljoene mense reg oor die wêreld sal na aanbiddingsdienste gaan en die geboorte van Christus vier. Net Maria, Josef, die skaapwagters en die wyse manne was die paar mense wat geweet het van die eerste Kersfees. Wat het hulle so spesiaal gemaak dat hulle geweet het van die eerste een? Hoe kies God die mense wat Hy gaan seën? Ek wil net vir 'n sekonde dink oor wie God kies en gebruik.

Die feit is dat God jou sal seën as jy die dinge doen wat Maria, Josef en die herders en die wyse manne gedoen het. As jy dit nou doen, sal hierdie Kersfees vir jou 'n geseënde een wees. **Want as jy mooi daarna dkyk, het Josef saamgewerk, die herders het dit gevier, Maria het daaroor nagedink en die wyse manne het hulde gebring aan die Here. Laat ons oor een vir een nadink.**

## 1. JOSEF HET SAAMGEWERK MET GOD SE PLAN!

**Die geboorte van Jesus Christus het dan so verloop: Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom. Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy**

*... verv. op bls. 4*

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## van julle geliefde broer...



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.
**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager
**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.
**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858
**CORE LEADERS**
Bro. K. Puratchivendan
Bro. A. Edward Durai
Bro. A. Alvin
Bro. K. Abraham
Sis. Dhanalakshmi Chinnaiah
**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call


"... soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie"
- Eksodus 14:13

Geliefde broers en susters,

Genade en vrede vir julle van God ons Vader. Ons Here God wat ons gedurende die jaar 2022 geseën het, sal ook met julle wees dwarsdeur die nuwe jaar 2023.



*Ons Residential Hindi Students*

Ons hoop dit gaan goed met julle deur die genade van God. Ons dra julle deur ons voortdurende gebed en smeking. God sal sekerlik groot dinge in julle lewe doen in die komende dae. Glo in Hom vir 'n wonderwerk vandag!

Ons is baie besig om die onbereikte mense in Indië en die buurlande te bereik. Intussen is ons besig om ons studente van die Nehemia Bybelkollege toe te rus om hulleself voor te berei vir 'n groot



*Past. Jacob Jeya Kumar, ons verspreider van evangeliese traktaatjies in die dorp Villuppuram.*



*Br. Solomon Manoharan, besigheidsman, 99 K.M. Coffee Magic & Dorpspastoor, Mullaivanan, 'n gegradueerde van ons BYBELKOR Bybel korrespondensiekursus, Cheyyoor.*



*Past. Jeba Daniel, in die dorpValliyoor.*



*Past. Stephen Karthik, in die dorp Virudhunagar.*

oes. Hulle is met blydskap besig om te studeer en opleiding in die veld te kry. Ons bedank julle dat julle die ondernemings van die Bybelkollege ondersteun en daarvoor bid. Hou asseblief aan om dit te doen.



*Sr. Angeline Selvakumari*



*Ds. Dr. Sunny Prasad*



*Ds. Dr. Anand Babu*

Ons kon ons verhouding met 'n paar van ons medewerkers in die bediening van God versterk gedurende my onlangse besoek aan Suid-Indië.

Ons kon hulle seën met hope evangeliese traktaatjies en boekies vir gratis verspreiding in hulle betrokke areas. Ons dank God vir ons **Echo of His Call Evangeliese Drukpers** en dié wat met die literatuur werk. Ons kry elke dag goeie terugvoer.

Ons het spesiale seminare vir jong mense gehou op verskilende plekke. God het ons Sr. Angeline Selvakumari, Ds. Dr. Sunny Prasad, Ds. Dr. Anand Babu en andere gebruik.

Liewe vriende, om hier die bediening van God te doen, is nie 'n maklike taak nie. Ons moet stry teen onverklaarbare en onherkenbare bose magte soos siekte in die gesinne van ons werkers, direkte aanvalle van die duiwel, politieke magte, anti-Christelike elemente, finansiële beperkings, ensovoorts. Ons worstel regtig in moeilike situasies. Nie net ons nie, maar alle ware dienaars van God is in dieselfde bootjie. Tensy mense soos julle na vore kom om ons te dra met julle gebede en ondersteuning, sal dit vir ons baie moeilik wees om voort te gaan om verlore mense te bereik.

(i) Tree dan asseblief na vore en **maak meer gebedstyd** vir ons en al die dienaars van God en alle kerke in Indië en nabygeleë lande ongeag van watter denominasionele verskille.

(ii) **Dien God in ons Echo of his Call** as Pastore, Evangeliste, Musikante, Onderwysers in ons **St. Paul's Matriculation School,** Lektore in ons **Nehemia Bybelkolleges,** administratiewe personeel, opsigters, tegniese personeel, ens.

(iii) **Vermeerder julle finansiële ondersteuning** soos die Here julle lei aangesien die koste vir die basiese behoeftes van ons werkers, die papier waarop ons druk sowel as die drukkersink, huur van geboue, onderhoud, ens. geweldig gestyg het.



## WYKSBYEENSKOMSTE

Met die doel om op te maak vir die kleiner aantal kerklidmate wat die Sondagdienste bywoon na COVID-19, hou ons wyksbyeenkomste vir lidmate elke Vrydag van 6.00 nm. tot 7.30 nm. Ons ontmoet hulle en bid individueel vir hulle met die hulp van ons Streekleiers. Ons nooi hulle as gesinne en gee hulle kans om hulle probleme te deel en bemoedig hulle. Hierdie poging is baie suksesvol want die bywoning van ons kerklidmate is besig om toe te neem. Loof die heilige Naam van ons Here Jesus Christus.

Deur God se genade kon ons die arm mense 'n bietjie help wat deur COVID – 19 geraak is in die afgelope jare ongeag hulle kaste, geloof en godsdiens. Selfs nou nog is daar gewone mense wat ly onder die slegte gevolge van post COVID-19 en ander siektes. Ons benodig fondse om die armes te help met hulle mediese en opvoedkundige behoeftes. Ons bid tot God om mense soos julle te roep om in sullke behoeftes te voorsien. As die Here jou lei om te deel in hierdie algemene behoefte, kan jy jou tjek of geldwissel stuur met die **Echo of His Call Educational Trust** as begunstigde vir hierdie doel. (Ons sal 'n belastinafslagkwitansie uitreik onder Seksie 80 G van die Inkomstewet vir Indiese donateurs.)

Ons bid vir julle en julle behoeftes.Mag God julle meer en meer seën en julle help om voorwaarts te gaan met nuwe krag, wysheid en 'n lang lewe in die NUWE JAAR 2023.

**Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!** Numeri 6:24-26.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PR S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM
(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
E.mail : samselvaraj333@gmail.com

*verv. v. bls.1*

**moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons. Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar getrou.** Matteus 1:18-24.

Laat ons begin met Josef. Josef is die karakter in die Kersverhaal wat die minste geag word en dikwels misgekyk word. Hy ondersteun min of meer die ander karakters. Ons weet nie vreeslik baie van hom af nie. Maar Josef was net 'n normale mens. Hy was jonk en arm. Hy het nie geld gehad nie. Hy het waarskynlik 'n onbelangrike werk gedoen in 'n baie klein dorpie. En dis omtrent al wat ons van hom weet, behalwe die een ding: hy was verloof. Nadat Maria verloof was aan Josef het dit geblyk dat sy swanger was deur die Heilige Gees.

Vriende, sou julle dit geglo het as dit met julle gebeur het? Dis die mees onsinnige, verregaande, onlogiese storie wat nog ooit vertel is. Maar dis waar. Nou is dit 'n toets vir Josef.

En die Bybel sê Josef was 'n regverdige man en wou nie sy vrou in die verleentheid stel nie. Hy het nie die storie geglo nie, maar hoor wat sê die Bybel. In Matteus hoofstuk een lees ons Josef was 'n goeie man en hy wou nie vir Maria in die openbaar tot skande maak nie, dus het hy besluit om stilweg van haar te skei. **Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek.** Matteus 1:19. In daardie tyd was 'n verlowing soos 'n huwelik. Dit was 'n bindende kontrak. Jy kon nie sommer 'n velowing verbreek nie. Jy moes skei om 'n verlowing te breek. Dus het hy beplan om stilweg van haar te skei. Maar 'n engel het in 'n droom aan hom verskyn. En toe Josef wakker word, het hy presies gedoen wat die engel van die Here hom beveel het. En hy het Maria in sy huis geneem as sy vrou. **Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar getrou** Matteus 1:24. Dit moes groot geloof geverg het om te glo aan hierdie mees onmoontlike, onwaarskynlike storie en om te vertrou dat God 'n groter en beter plan vir hom gehad het as wat hy hom ooit kon indink.

Hier is die eerste punt waarvan ons moet kennis neem: As jy begeer om deur God geseën te word, as jy God se seën wil hê op jou besigheid, op jou huwelik, op jou verhoudings, op jou vriendskappe, op jou finansies, moet jy maak soos Josef en saamwerk met God se plan vir jou lewe en ophou om jou eie plan vir jou lewe te volg. Dit is 'n volledige U-draai in Josef se lewe. Hy het klaar sy lewe saam met Maria beplan. Maar God se plan was groter en beter. Jy werk saam met God se plan vir jou lewe, selfs as dit nie sin maak nie. Later sou dit sin maak.

Liewe vriende, God het 'n groter plan. Die Bybel sê, **Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!** Jeremia 29:11. God sê, Ek weet waarmee Ek besig is. Ek weet wat Ek doen, Ek het dit alles klaar beplan. Goeie planne om na jou om te sien, nie om jou seer te maak nie. God is 'n goeie God. My planne sal jou die toekoms gee waarop jy hoop. Vertrou jy op God, of vertrou jy op jouself? Vertrou jy God se plan of vertrou jy jou eie plan? As jy God se seën in jou lewe wil hê, moet jy saamwerk met God se plan vir jou

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA BYBELKOLLEGE,**
**TSJENNAI**

**Bid asb. vir**
Velachery - Residential - Hindi
Chepauk - Evening - Tamil
(Monday, Tuesday, Thursday)
Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

Sertifikaat in Teologie : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
HAAS JOU VIR TOELATING!

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

**GEBEDSPUNTE - 2022 Desember 19 Tot 2023 Januarie 18**

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## SAKE VIR LOF EN DANK

**Desember 19** ➲ Ons Evangeliese Drukpers en die volgehoue funksionering daarvan met bekwame werkers.

**Desember 20** ➲ Die beskerming van ons Senior Pastoor en sy gesinslede teen alle soort bose magte.

**Desember 21** ➲ Al ons Assistentredakteurs en hulle gesinslede.

**Desember 22** ➲ Dat Hy ons in genade help om onbereikte streke binne te gaan met die Evangelie.

**Desember 23** ➲ Ons **St. Paul's Matriculation School, Nehemia Bybel-kollege** en **Teologiese Korres-pondensiekrusus** vir die dien van mense wat dit nodig het.

**Desember 24** ➲ Ons assistentredakteurs, Koördineerders en hulle gesinne.

**Desember 25** ➲ Dat die Verlosser van die wêreld, Jesus Christus, gebore is om ons almal te red.

**Desember 26** ➲ Die afname in infeksie met die Corona Virus.

**Desember 27** ➲ Sy seëninge wat Hy uitstort op die gesinne van ons werkers.

**Desember 28** ➲ Die groot toewyding van die sendingwerkers.

**Desember 29** ➲ Die vlot funksionering van alle Christelike organisasies dwarsdeur die jaar.

**Desember 30** ➲ Sy seën op die dienaars van God met goddelike beskerming dwarsdeur hierdie jaar.

**Desember 31** ➲ Wonderbaarlike voorsiening in al die behoeftes van hierdie jaar 2022.

**Januarie 01** ➲ Vir al die lesers en mense oor die wêreld wat vrede ondervind het dwarsdeur die jaar 2022 en so die Nuwe Jaar 2023 ingaan.

**Januarie 02** ➲ God het ons Moederkerk en wykskerke geseën met meer gelowiges.

**Januarie 03** ➲ Dat Hy al die kerke en gelowiges seën met goeie beloftes vir 2023.

## SAKE VIR GEBED

**Januarie 04** ➲ Die voorsiening van 'n video-kamera vir die Mediabediening van **Echo of His Call**.

**Januarie 05** ➲ Die Hoof, onderwysers, studente en personeel van **St.Paul's Matriculation School**, Die **Nehemia Bybel-kollege** en die **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Januarie 06** ➲ Die instandhouding van die goeie reputasie van alle Christelike opvoedkundige organisasies van die wêreld.

**Januarie 07** ➲ Vir vrede om te heers in alle gesinne.

**Januarie 08** ➲ Dat die mense van die wêreld vry sal wees van nuwe siektes en goeie gesondheid sal geniet.

**Januarie 09** ➲ Vir 'n vermeerdering van die inkomste van mense oor die wêreld.

**Januarie 10** ➲ die werwing van geskikte werknemers vir ons organisasie.

**Januarie 11** ➲ Dat al die wêreldleiers gevul sal word met goddelike wysheid en sal werk vir die welsyn van mense.

**Januarie 12** ➲ Dat alle kerke en Christelike organisasises wettig geregis-treer mag word by die regering.

**Januarie 13** ➲ Die verwydering van bose geeste van geweld en moord onder die jeug en hulle vervul-ling met die Heilige Gees.

**Januarie 14** ➲ Vrede tussen lande en vir ekonomiese ontwikkeling.

**Januarie 15** ➲ Sy seën op ons **Echo of His Call** se veelvuldige bedieninge.

**Januarie 16** ➲ Dat Christene die Woord van God sal volg en die karakter van Christus mag hê.

**Januarie 17** ➲ Dat die magtige hand van God op Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede sal wees ook in die Nuwe Jaar 2023.

**Januarie 18** ➲ Seën op ons Gebedsvennote, intekenare, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

*verv. v. bls.4*

lewe. Dis waarom Josef by die eerste Kersfees was. So moet ons, net soos Josef, saamwerk met God se plan vir ons lewens.

## 2. DIE SKAAPWAGTERS HET DIT GEVIER!

**Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"** Lukas 2:10-11.

Die skaapwagters is heel onder aan die sosiale leer. In die tyd van die Romeinse Ryk en in die Nuwe Testament was hulle die randfigure. Hulle het na skape geruik, vuil, benoud en nat. Skaapwagters was nie die tipiese gaste wat 'n mens na jou verjaarsdagpartytjie sou nooi nie, want hulle sal die plek laat sleg ruik. Hulle was die mins gerespekteerde mense in die samelewing. Tog het God van die hoogste na die laagste gegaan en hulle genooi op sy Seun se geboortedag. Hulle het elke nag in die veld geslaap saam met hulle skape om hulle te beskerm teen wolwe en ander roofdiere. Die Bybel vertel dit: in die middel van die nag, ewe skielik word die hemel verlig en die engel sê vir die watgers, "Moenie bang wees nie. Ek bring vir julle goeie nuus van groot blydskap." Elke keer as 'n engel verskyn moet hy begin met "moenie bang wees nie" want 'n mens sal 'n doodse vrees voel as jy een sien. Die goeie nuus van groot blydskap wat vir alle mense sou wees. Kersfees is nie net vir Christene nie. Dit is vir alle mense.

Jesus het nie gekom en gesterf net vir sekere mense nie, maar vir almal. Dit is goeie nuus vir alle mense. En, sê hy, vandag is vir julle 'n Verlosser gebore in die stad van Dawid. Dit is vir julle welsyn en Hy is Christus die Here. Die skaapwagters hardloop Betlehem toe. Ons lees **en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê. Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het.** Lukas 2:16-18.

Die skaapwagters het haastig Betlehem toe gegaan en daar het hulle vir Maria en Josef gevind en die baba wat in 'n krip lê. En nadat hulle hom gesien het, het hulle teruggaan na die veld terwyl hulle God loof en dank. Hulle het fees gevier. Hulle sing lof, hulle dank God vir alles wat hulle gesien en gehoor het wat gebeur het net soos die engel vir hulle gesê het. Hulle vier fees. Josef moes saamwerk, maar die skaapwagters vier fees. Hulle vier fees. Kersfees is 'n fees, nie 'n begrafnis nie. Dis waarom ons sê 'n vrolike Kersfees.

Die geboorte van Christus is die goeie nuus van groot blydskap wat vir alle mense is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! **Dit is die beste nuus.** Jou sondes kan vergewe word. Jy kan 'n doel hê om voor te lewe. Jy kan 'n plek in die hemel hê omrede van Kersfees. Dit is 'n vreugdevolle geleentheid. Hier is nou die tweede punt waarop ons moet let. As jy geseën wil word, moet jy fees vier soos die wagters. Want God is by ons. Daar sal allerhande soorte Kerspartytjies wees waar Jesus nooit genoem word nie. Maar die hele rede agter die fees van Kersfees is dat God by ons is. Hy het na die aarde toe gekom, ons is nie alleen in die heelal nie. Hy het 'n plan en 'n doel vir ons lewens. Hy is lief vir ons en vergewe ons en Hy het 'n plan vir ons lewens.

Die skaapwagters het nie net fees gevier nie, hulle het ook gekommunikeer. Daar staan hulle het die goeie nuus met almal gedeel. Hoe lank gelede het jy laas vir iemand die goeie nuus vertel? Het jy al ooit in jou lewe vir enigiemand die beste nuus in die wêreld vertel? Die goeie nuus, ons sondes is vergewe, ons het 'n doel in die lewe en 'n plek in die hemel. Dit is beskikbaar vir enigeen wat in Jesus glo en Hom aanvaar. Vriende, het julle die goeie nuus gedeel? Die Skrif sê die herders het die goeie nuus vertel aan elkeen met wie hulle in aanraking gekom het. Dus het hulle fees gevier en Josef het saamgewerk. Julle moet, soos die wagters, dit vier dat God hier by ons is en die goeie nuus van redding deel met ander.

## 3. MARIA HET NAGEDINK!

**Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het. Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink.** Lukas 2:17-19.

Maria kon so jonk as 13 jaar gewees het, maar sy het swanger geraak selfs voordat sy met Josef getroud is. Sy was net verloof aan Josef. Sy het die Seun van God gedra. Niemand sou dit glo nie. Maar Maria het nie paniekerig geword nie. En die rede waarom sy nie paniekerig was nie, was dat sy besig was om te dink aan God se beloftes aan haar. En terwyl Josef saamgewerk het en die skaapwagters fees gevier het, was Maria besig om na te dink. Sy het gedink aan die woorde van God. Toe het die herders almal vertel wat gebeur het en wat die engel vir hulle gesê het oor hierdie kind. Al die ander mense wat die wagters se storie gehoor het, was verbaas,

maar "Maria het al die woorde bewaar wat sy gehoor het en aangehou om stil daaroor te dink in haar hart." God het gekies om Maria te seën uit al die jong vroue uit wie Hy kon kies om die moeder te wees van die Seun van God, omdat sy aandag gegee het aan God se woord. Toe God gepraat het, het sy geluister. Sy het nie net geluister nie, sy het onthou, sy het nagedink en sy het gemediteer. Sy het volgehou om stilweg te dink oor alles. Al die ander mense het gehoor wat die engele gesê het en hulle verwonder, maar Maria het nagedink. Daar is 'n groot verskil, vriende. As jy 'n mens van die Woord is, kan God jou seën op maniere wat jy nie kan glo nie. As jy 'n mens van die wêreld is, is daar nie ruimte vir die seën nie, want jy dink nie oor die Woord nie, jy dink oor die wêreld en oor wêreldse sake.

As jy geseën wil word soos Maria, moet jy voortdurend nadink oor die Woord van God. Die Bybel sê sy het voortgegaan om in stilte in haar hart na te dink oor die dinge wat sy gehoor het God het gesê. Dink voortdurend oor die Woord van God. Hierdie is nie net 'n belofte vir vroue nie. Dis 'n belofte vir elkeen wat die Woord liefhet en leer. **Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.** Jakobus 1:25.

As jy met aandag God se volmaakte Woord bestudeer wat jou vry maak, sal die waarheid jou vry maak. As jy doen wat daarin staan, sal jy geseën wees. Jy kan nie deur God geseën word deur 'n Bybel in jou huis te hê, of op jou lessenaar by die werk nie. Jy ontvang seën slegs deur die Woord te lees, bestudeer, memoriseer, daaroor na te dink en te mediteer en toe te pas wat die Woord sê. As jy konsekwent is in die navolg hiervan, sal jy geseën word.

**Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees** Josua 1:8. Dit sê dus onthou, bestudeer, dink na daaroor en gehoorsaam die Woord. Dan sal dit met jou goed gaan en jy sal voorspoedig wees. Dit is die belofte van God. God is nie 'n mens dat Hy sal lieg nie. Hoe meer jy God se Woord volg, hoe meer voorspoed kan God in jou lewe bring. Hy sê as jy dit wil hê. Dit is die enigste belofte van voorspoed en sukses in die Skrif. Dit hou verband met nadenke, bestudering en die doen van die Woord van God.

## 4. DIE WYSE MANNE HET HOM HULDE BEWYS!

**Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre.** Mateus 2:11.

Die wyse manne was soos koninklike raadgewers en sterrekundiges van óf Irak óf Iran wat die Babiloniese Ryk was of die Persiese Ryk. Daniël is deur die wyse manne opgelei. Die wyse manne van die Ooste was die mees geleerde mense op die planeet. Hulle was wetenskaplikes, hulle was geleerdes. Hulle was deskundiges in astronomie, gesondheid, tale en literatuur. Hulle was verreweg die mees wyse, geleerde mense op die planeet in daardie tyd. Hierdie mense is dus presies die teenoorgesteldes van die skaapwagters. Hierdie mense, die wyse manne, het gereis van die Ooste af na Betlehem.

Om Betlehem toe te reis van óf Irak, Iran, Persië óf Babilon sou 'n groot bedrag geld gekos het. Maar hulle was welgesteld en dit sou ook baie van hulle tyd in beslag neem. Maar hulle het dit gedoen omdat dit 'n intellektuele

*....verv. op.bls. 9*


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

**Ons bankbesonderhede:**

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60@telkomsa.net**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GOD BEANTWOORD DIE GEBED VAN DIE SWAKKE!

Deur die genade van God het ek vanaf 10.08.1969, my evangeliese bediening begin met opleiding vir bediening, die verspreiding van traktaatjies, die hou van bidure en die preek van die Woord in kerke.




Byna niemand het my erken as 'n dienaar van God nie, want ek was jonk en nuut in die veld.Bowendien was finansies vir my 'n groot hindernis om die bediening vol te hou.Gevolglik moes ek elke dag baie myle loop om my bediening voort te sit. Lang ente se stap en hongerly was dus part en deel van my bediening. Daar was 'n groot behoefte aan finansies om die bediening te doen en toerusting daarvoor te koop.

Vanaf die begin van my bediening het ek 'n baie sterk oortuiging gehad om nie versoeke van enige soort te rig vir ondersteuning van enige van my vriende en familie nie.Want God moes voorsiening maak vir sy werk aangesien Hy my geroep het.Tot vandag toe het God my gehelp om by hierdie beginsel te bly.Terwyl ek hierdie beginsel gevolg het, het ek te doene gekry met onbeskryflike lyding en uitdagings.

Ek is verstandelik en fisies in so 'n mate geaffekteer dat ek nie in staat was om sake te behartig in 'n sekere situasie nie. 'n Familielied van my, mnr. Swarnarajhet probeer om vir my 'n staatsdienswerk te kry in die Departement van Vervoer, en 'n dienaar van God, Bro. Caleb in Palapallam, Mathicode en 'n vriend van my het probeer om vir my 'n werk te kry by 'n private firma. Alles tevergeefs.




In hierdie situasie, terwyl ek besig was om te vas op 17.05.1971, het die Gees van die Here my dringend gelei om te bid vir 'n permanente werk.As gevolg van die gebed het ek 'n sterk oortuiging ontvang met die woorde, "binne 'n maand sal Ek vir jou 'n permanente werk gee waarop jy kan lewe.Volgens die Skrif wat sê **"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra** 1 Johannes 5:14, 15.In die geloof dat ek 'n nuwe werk gekry het, het ek elke moontlike voorbereiding getref om daarby aan te sluit.Baie mense wat gesien het wat ek doen, het begin twyfel of ek heeltemal by my verstand was.Maar sonder om my aan hulle te steur, het ek God volkome geglo.




Soos die dae verby gegaan het, het ek elke dag gretig op die posman gewag.Nadat 'n hele maand verbygegaan het, presies op 18.06.1971 het ek na die poskantoor gegaan in vertroue op die Here.Sodra die posman, mnr. Nellaiappan, my gesien het, het hy vir my beduie dat daar niks vir my was nie.Maar terwyl ek vasgehou





*My co-workers when I left my Government job - 1994*





*Afskeid deur mnr. A. Shenbagam B.E., Hoofinspekteur vanFabrieke saam met my medewerkers ten tyde van my uittrede uit die staatsdiens in 1994*

het aan God se beloftes, het ek daar gesit en bid.Tot my groot verrassing het die posman binne 'n paar minute vir my gesê, "Sam, hier is geregistreerde pos vir jou, teken daarvoor en neem dit in ontvangs".

Toe ek die brief oopmaak, vind ek die aanstellingsbrief van die TNPSC kantoor in Tsjennai, om my by die Departement van Arbeid te voeg.Dit was die uitslag van my eksamen wat ek enkele jare tevore geskryf het.Dit is verhaas deur my vurige gebed en 'n wonder het gebeur.Ja, gebed is 'n wonderlike geestelike wapen.

Ek het met blydskap na Tsjennai gegaan en met die werk begin. Die grootste deel van my salaris vir die werk is belê in my bediening.Later, in 1994, het die Here my beveel om die staatsdienspos te laat vaar vir voltydse bediening en ek het sy roeping gehoorsaam en met 'n voltydse bediening begin.

Ons God is goed! Hy is betyds!Hou sterk aan Hom vas!!Jy sal sukses hê!!!Hy waak vandag getrou oor jou.

**Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel.**

Jesaja 26:3.

***

*verv. v. bls.7*

onderneming was. Hulle het die ster in die lug gesien. En hulle het die skrifte en die manuskripte bestudeer, en die tradisies: dit was 'n teken dat die Verlosser van die wêreld in Betlehem gebore sou word. Dus het hulle met groot uitleg van tyd en geld na Betlehem gereis. Hulle was op soek na die waarheid, hulle was op soek na God wat altyd 'n wyse ding is om te doen.

Liewe vriende, soek julle die waarheid? Indien wel, welkom by Jesus. Hy is gereed om jou te aanvaar. Jy hoef nie enige spesiale iets te doen om na Jesus te kom nie. Kom soos jy is. Wyse mense soek nog steeds na Jesus. Wyse mense soek altyd na Jesus. Slegs dwase soek Hom nie. Dwase gaan onvoorbereid deur die lewe en word gekonfronteer met die onvermydelike, naamlik die dood.

Toe die wyse manne die kind sien saam met sy moeder Maria, het hulle neergebuig en Hom aanbid. **Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre** Matteus 2:11 .

Let daarop dat hulle nie gebuig en Maria aanbid het nie. Sy was daar by hulle in die vertrek. Hulle het neergebuig en Jesus aanbid. Toe het hulle hulle skatte oopgemaak en vir Hom geskenke aangebied van goud en wierook en mirre. Elkeen van hierdie drie geskenke is 'n simbool van wat Jesus vir ons sou doen gedurende sy lewe en dood en opstanding. **En nadat hulle in 'n droom deur God gewaarsku is, het die wyse manne huis toe gegaan met 'n ander pad.** Elke keer wat jy by Jesus is, verander dit jou rigrting. Dit verander die manier waarop jy leef. Dit verander die manier waarop jy werk. Ons kan nie iemand so groot soos God in ons lewe laat kom en dit verander ons nie. As jy dink jy het God in jou lewe en dit het jou nie verander nie, het jy iets anders maar nie God nie. Omdat God so groot is, kan Hy nie in jou lewe kom sonder dat jou rigting verander nie.

Dit het die wyse manne baie gekos om na Jesus te kom. Maar toe hulle Hom sien, het hulle Hom hulde bewys. **En hier is die vierde les, as jy geseën wil wees, as jy wil hê jou lewe moet geseën word, dan moet jy soos die wyse manne wees in dié opsig dat jy jou tyd en gawes aan Jesus wy.** Hulle het geskenke vir Jesus gebring. In elk geval is alles wat jy in jou lewe ontvang het, deur Hom gegee. Jy sou niks gehad het sonder God nie. Jy gee maar net terug aan God wat Hy vir jou gegee het en dan neem Hy dit en vermenigvuldig dit en gee dit terug. **"Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."** Romeine 12:1 Laat ons dan ons tyd en ons lewens en ons gawes aan Jesus wy.

**Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God en julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.** Romeine 6:13. Daar kan niks

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

wyser wees as dit nie. Moenie jullself gee aan iets wat nie blywend is nie. Gee jullself aan iets wat blywend is. Gee elke deel van julleself volledig aan God om instrumente te wees in God se hande om gebruik te word vir sy goeie doelwitte.

## Wat gaan jy aan Jesus gee?

Julle gaan baie tyd en nadenke en geld bestee gedurende hierdie seisoen vir die koop van geskenke om aan ander mense te gee. Wat gaan jy aan ons Here Jesus gee vir Kersfees? Jy kan jou nie 'n verjaarsdagparty voorstel waar almal aan mekaar geskenke gee maar niks aan die een wat verjaar nie. Die belangrikste geskenk wat jy vanjaar met Kersfees gaan gee is om jouself geheel en al aan Jesus te gee. Die beste geskenk wat jy aan Jesus kan gee, is jou volkome liefde vir Hom, en jou vertroue en jou aandag. Hy sal graag enigeen van jou geskenke aanvaar.

Die wyse manne het die tradisie begin om Kersgeskenke te gee. Hulle het geskenke vir Jesus gebring. En nou gee ons geskenke vir mekaar. Maar die hele ding van geskenke gee het gekom omdat God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê. God het die eerste Kersfeesgeskenk gegee.

**Daar is dan nou hierdie vier dinge, dat Josef saamgewerk het en die skaapwagters fees gevier het en Maria die Woord oordink het en die wyse manne hulde gebring het met hulle geskenke aan Jesus. Vriende, besluit wat julle moet doen en word deur God geseën en wees tot seën vir ander!**

************

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India
under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 5th DECEMBER 2022
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**